

HOOFSTUK I

DIE PROBLEEM EN DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die Vergelyking van die sportprestasies van die verskillende volke openbaar belangwekkende gegewens ten opsigte van hulle fisiese bekwaamhede, soos in Hoofstuk III en IV van hierdie werkstuk aangetoon sal word. Sekere resultate van die Olimpiese Spele gedurende die laaste drie dekades (85:74) dui reeds op verskille. Uit hierdie prestasies skyn dit asof sommige volke 'n besondere aanleg vir sekere sportsoorte openbaar. Die Amerikaanse Negers het hulle in spronge en naellope onderskei; die Finne is vir hulle prestasies oor die lang afstande bekend; die Australiese volk lewer uitmuntende tennisspelers en swemmers op; die Japannese is goeie gimnaste en swemmers; die Suid-Afrikaners is goeie stoeiers en rugbyspelers en die Indiërs is goeie hokkiespelers. Die Amerikaanse Negers oorheers feitlik die boksterrein (161:13).

Die bogenoemde gegewens is slegs tot die enkele uitmuntende prestasies van die onderskeie volke beperk. Afrigting en oefengeleenthede speel in die bereiking van die sportprestasies 'n verneme rol. Die Russe, in besonder die Russiese sportvroue, dien as uitstekende voorbeelde van water sporthoogtes deur harde en nougesette oefening bereik kan word. Hulle sou hierdie prestasies egter nie kon bereik as hulle nie oor 'n goeie aanleg vir die betrokke sportsoort beskik nie. Aanleg verskil van persoon tot persoon; dog dit wil voorkom asof 'n spesifieke aanleg ook binne 'n bepaalde volk of groep voorkom.

In die bereiking van goeie prestasies op sportgebied, speel sielkundige faktore 'n belangrike rol. 'n Sprekende voorbeeld hiervan is die hardloop van die 1 myl in minder as vier minute. Toe Roger Bannister egter daarin geslaag het om hierdie „droom“ te verwesenlik, is dit spoedig deur ander atlete geëwenaar.

Die hoë prestasies op die gebied van internasionale sport is tot n klein groepie uitmuntende enkelinge beperk. Elke sportsoort is tans van so n gespesialiseerde aard dat dit bekwaamheid slegs in n spesifieke rigting aandui.

Wetenskaplike ondersoeke van Cluver, et.al. (31), Joubert (85), Smith (151) en Smit (150) het aan die lig gebring dat Blanke kinders die Bantoe kinders in Suid-Afrika in liggaamlike prestasievermoë oortref (Hoofstuk IV). Smith (151) en Smit (150) het ook onderskeidelik aangetoon dat die Blanke Suid-Afrikaanse kinders oor n groter liggaamlike prestasievermoë as die kinders van baie ander volke beskik.

Dit is voorwaar n gesonde verskynsel. Dit kan moontlik toegeskrywe word aan die oorweging dat die kultuurskadelijke invloede nog nie dieselfde uitwerking op die Suid-Afrikaanse kind gehad het as wat in Europa en Amerika vasgestel is nie. Ten opsigte van die skadelike invloed van die kultuur op die liggaamlike groei en ontwikkeling van die kind het Schmid-Monnard (93), Hertel (93) en Kraus-Weber (107) reeds n duidelike uitspraak gelewer. Kaup (93) het aangetoon dat die kultuurskadelijke invloede nie slegs tot die skoolgaande kind beperk is nie, maar dat die volwassene ook die slagoffer daarvan geword het.

Die vraag ontstaan nou of dieselfde gunstige fisieke toestand van die Suid-Afrikaanse kind bly voortduur wanneer hy die skool verlaat en sy plek in die verskillende beroepe gaan inneem. Op hierdie terrein is inderdaad nog geen ondersoek gedoen wat uitsluitel op die vraag kan gee nie.

In tydskrifte word die bewering dikwels gemaak dat die Suid-Afrikaanse volk besig is om „pap" te word (123). So n bewering berus op subjektiewe oordeel en is gegrond op die mening dat die mense van die ouer geslag „harder" as die jong geslag groot geword het. Dat daar n verskil tussen die huidige gemeganiseerde lewenswyse en die van drie dekades gelede is, kan nie ontken word nie. Om op grond van die verandering

die afleiding te maak dat die Suid-Afrikaanse volk n „pap” volk word, is onwetenskaplik. Ten einde so n stelling wetenskaplik te bewys, is dit nodig dat groot groepe van verskillende leeftye, bv. elke tien of vyftien jaar, aan n vasgestelde norm gemeet moet word. Die degenerasie, indien enige, sal dan wetenskaplik, objektief en akkuraat bepaal kan word.

Om die liggaamlike prestasievermoë van die bevolking op n sekere tydstip te beoordeel, is dit nodig om die gemiddelde prestasievermoë van die bevolking aan die prestasie van n groep liggaamlike „fiks” persone te meet. Dit sal n indikasie wees van hoe dit op die oomblik met die Blanke en die nie-Blanke bevolking, wat hulle liggaamlike prestasievermoë betref, gesteld is.

Die aktualiteit van hierdie probleem het my laat besluit om hierdie saak te ondersoek en om vas te stel hoedanig die Blanke met die nie-Blanke verskil en/of ooreenkom wat hulle liggaamlike prestasievermoë betref. n Goeie liggaamlike prestasievermoë is in die huidige tydsgewrig sowel vir die individu, die samelewing en die staat, as vir die religieuse lewe van die mens noodsaaklik.

Uit n staatkundige oogpunt besien, sal n hoë liggaamlike prestasievermoë van die individu die weerbaarheid van die staat verhoog. Die bevolking as n geheel sal sodoende beter in staat wees om noodgevalle die hoof te bied. Die Republiek van Suid-Afrika word tans uit alle oorde oor sy beleid van afsonderlike ontwikkeling aangeval. Hierdie aanvalle word veral op die sittings van die Verenigde Volkere-Organisasie en word in die verskillende Afro-Asiatiese kongresse heftig voortgesit. Selfs dreigemente van gewapende optrede teen die Republiek word dikwels gehoor (168). Tans word desperate pogings aangewend om die Republiek uit die V.V.O. uit te skop, asook uit verskillende internasionale organisasies, soos bv. die Internasionale Arbeidsorganisasie, die Internasionale Gesondheidsraad en die

Olimpiese Spele (160, 169, 170, 129, 130). Boikotte en die toepassing van 'n wapenverbod teen die Republiek word daagliks bepleit (158, 174, 47).

Suid-Afrika staan voor die Wêreldhof in Den Haag oor die Suid-Wes-vraagstuk aangekla.

Dit skyn asof die aspirasies van die vyandiggesinde Afrikastate onversadigbaar is. Ten einde steun vir hulle doelstellings te verseker, maak hulle van die koue oorlog tussen die Ooste en die Weste gebruik.

Hierdie kort en oppervlakkige oorsig van die wêreldhouding jeens die Republiek van Suid-Afrika toon aan dat die Suid-Afrikaners geen rede tot gerustheid het nie. Daar is geensins gepoog om 'n donker prent van die wêreldhouding jeens ons te skilder nie - daarvoor is daar genoeg doemprofete. Hierdie toedrag van sake vereis egter 'n nugtere benadering en 'n voorbereiding tot gereedheid vir enige gebeurlikheid. Hierdie voorbereiding tot gereedheid word duidelik gesien in die regering se beleid om die weermag aansienlik te versterk en deur die uitbreiding van die vredestrydse opleiding aan jong burgers (161).

Een baie belangrike faktor in die gereedheid vir gebeurlikhede is fisiese gereedheid, dit wil sê die vermoë van elke individu van die bevolking om fisies ook in staat te wees om noodgevallen, waar 'n beroep op sy liggaamskragte gedoen sal word, die hoof te kan bied. Die Indiese regering het byvoorbeeld op grond van die bedreiging van die kant van kommunistiese Sjina sover gegaan om daaglikse liggaamlike opvoeding in alle Indiese skole verpligtend te maak. (Die Transvaler, Saterdag, 27 Julie 1963). Vir ons in Suid-Afrika is dit derhalwe nodig om ons ook vooraf te vergewis van die peil van liggaamlike geskiktheid van die bevolking en dan dienooreenkomstig op te tree.

Die dreigemente hou nie slegs 'n politieke nie, maar ook

n ekonomiese gevaar vir die Republiek in. Die vyandige nasies doen alles in hulle vermoë om ons ekonomies te isoleer deur byvoorbeeld te weier om ons handelsware af te laai en deur n verbod op Suid-Afrikaanse vliegtuie wat van hulle lugweë gebruik maak (46). Ons moet ons dus gereed hou om ekonomiese moeilikhede die hoof te bied. Derhalwe het die verhoging van die huidige produktiwiteit van elke ingesetene van die land noodsaaklik geword. Kaup (93) het aangetoon dat sistematiese liggaamsoefeninge die nadelige uitwerking van bepaalde beroepe op die mens uitskakel. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het die sogenaamde „Bedryf Liggaamlike Opvoeding" (6:23) ontstaan. Die doel van hierdie vertakking van die Liggaamlike Opvoedkunde was om „korrigerend op te tree en om die liggaamlike geskiktheid, maar ook die geestelike geskiktheid, op peil te hou en, indien moontlik, te verhoog (6:23).

Deur siekteversuim van die werknemer gaan jaarliks n groot hoeveelheid werksure verlore. Liggaamlike geskiktheid, waarvan liggaamlike prestasievermoë n belangrike afdeling is, sal nie alleen die afwesigheid as gevolg van siekte in n groot mate bekamp nie, maar veral die produktiwiteit van die werker verhoog; dit sal dus n ekonomiese bate wees (6).

Die gesonde lewenslustige werker wat ook die vader van n gesin is, sal, indien hy oor n goeie prestasievermoë beskik, na die dagtaak nie vermoeid tuis kom nie. Hy sal nog in staat wees om aan die een of ander ontspanningsaktiwiteit deel te neem. Vir n gesonde gesinsverhouding is dit noodsaaklik dat die vader die energie en vitaliteit moet besit om saam met sy gesin aan die een of ander vorm van ontspanning deel te neem (152:8). Dit is van groot maatskaplike betekenis, veral waar die neiging hom tans voordoet dat die kind steeds besig is om van die ouerhuis weg te dryf.

Die mens staan in n bepaalde verband teenoor sy huisgesin, die samelewing en die staat. Bo alles is sy verhouding tot sy

Skepper die fondament van sy bestaan. In al sy handel en wandel is hy altyd verantwoording aan God verskuldig. Die mens het as kultuurdraer en kultuurbouer die opdrag ontvang om al sy Godgegewe gawes tot ontplooiing te bring. Die geringste nalating van hierdie opdrag veroorsaak spanninge (68:30). Die liggaamlike opbou en versorging is n deel van hierdie opdrag: dit vereis n positiewe optrede om degenerasie te verhoed en om liggaamlike vooruitgang te bevorder.

Dat daar kommer oor die fisieke toestand van die Blanke oor die wêreld bestaan, word bewys deur die stigting van n komitee op aandrang van president Eisenhower om ondersoek in te stel na die liggaamlike fiksheid van die Amerikaanse jeug (101). In Suid-Afrika is n Nasionale fiksheidskonferensie gedurende Desember 1961 te Johannesburg byeengeroep. In sy openingsrede by hierdie konferensie het die minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, Sy Edele, minister De Klerk, gesinspeel op die fisieke agteruitgang van die Suid-Afrikaners.

Dit is opvallend dat die ondersoeke na die prestasievermoë van sowel die Blankes as die nie-Blankes in Suid-Afrika tot die skoolgaande jeug beperk gebly het (31, 85, 151, 150) en dat geen sodanige ondersoek nog ten opsigte van die volwassenes onderneem is nie. Slegs in enkele ondersoeke (6, 128, en 151) is manstudiante vir sodanige ondersoek betrek. Hierdie ondersoek is n poging om hierdie leemte enigszins aan te vul.

Om hierdie belangrike vraagstuk afdoende en doeltreffend te kan ondersoek, moet talle wetenskaplike ondersoekers met heelwat middels en vermoëns saamspan.

Die verskil of die eendersheid van die verskillende rasse is tans een van die brandende geskilpunte in die wêreld. Die belangrikheid van die vraagstuk word deur die groot aantal werke en geskrifte in dié verband weerspieël. (Hoofstuk II, III en IV). Die Potchefstroomse Werkgemeenskap van die Akademie vir Wetenskap en Kuns is tans besig met n reeks lesings oor hierdie onderwerp.

Betreffende die intelligensie, bloedsamestelling, siektes, misdadigheid en moraliteit van Blankes en nie-Blankes is reeds veral in die Verenigde State van Amerika diepgaande navorsing gedoen. Selfs in Afrika is enkele navorsingsprojekte in die verband onderneem. (Kyk Hoofstuk II). Die menings van wetenskaplikes oor hierdie vraagstukke is uiteenlopend van aard en word in n groot mate deur die opvatting van individue beïnvloed (127). Die huidige ondersoeke toon aan (117, 141, 62 en 63) dat die Blanke in sowel Suid-Afrika as in die V.S.A. die Neger ten opsigte van intelligensie oortref. In hoeverre hierdie verskil deur die sosio-ekonomiese agtergrond van die twee rasse beïnvloed word, is nie afdoende vasgestel nie. Daar is egter sterk aanduidings dat die Blanke in die V.S.A. en in Suid-Afrika (Hoofstuk II) die Neger oortref, al het hulle dieselfde sosio-ekonomiese agtergrond.

Cluver, et. al. (31) het aangetoon dat n deeglike kennis van die liggaamlike prestasievermoë van die rasse noodsaaklik is. Hierdie kennis kan gebruik word om die rasse by die arbeidsbeleid van die land in te pas. Belangrike werk is reeds deur Biesheuvel (10 en 9), Blunt (12), Lee (69:1394), Dunlop-fabriek van Suid-Afrika (69:1394), die Dalgeisch-kommissie van 1948 (69:1394), Davidson (69:1394) en Bower, et. al. (69:1394) gedoen. Hierdie ondersoeke het almal aangetoon dat die volwasse nie-Blanke slegs van 25% tot n maksimum van 70% van die arbeidskapasiteit van die Blanke besit. Hulle ondersoeke het aangetoon dat die nie-Blanke vir roetine-arbeid geskik is en goed werk wanneer hulle in n groep onder toesig kan werk.

Die bevindinge van die ondersoekers dui op waarskynlike rasseverskille. Hierdie verskille sal in die hele persoonlikheid van die individue van die verskillende rasse gesoek moet word.

Tans verrig die Bantoe in Suid-Afrika die meeste inspannende hande-arbeid. Die Blankes is in die reël toesighouers,

klerke, onderwyers, advokate, ens.. Hierdie beroepe stel nie besondere eise aan die fisieke kragte van die mens nie. Die probleem wat hierdie arbeidsverdeling skep, is voor die hand liggend; naamlik of die tipe arbeid die liggaamlike prestasievermoë van die persone sal beïnvloed en hoe die twee rasse met mekaar sal vergelyk?

McCloy (110) beweer dat leeftyd na die sewentiende lewensjaar nie meer n belangrike rol in die liggaamlike prestasievermoë van jong mans speel nie. Smith (151) het daarenteen vasgestel dat leeftyd tot en met die negentiende lewensjaar nog n faktor van belang in sportprestasies is. Daar bestaan geen data oor die invloed van leeftyd op die fisieke prestasies van mans na die negentiende lewensjaar nie. Persone van twintigjarige leeftyd word, ten regte of ten onregte, oor dieselfde kam as byvoorbeeld dertigjariges geskeer. Dit is nodig dat hierdie probleem meer aandag moet geniet ten einde vas te stel of dit nie verkieslik is dat die volwassenes ook nog volgens leeftyd in die verskillende sportsoorte moet wedywer nie. Die leeftydsindeling hoef weliswaar nie so fyn as vir kinders afgebaken te word nie, dog dit mag vir die volwassenes oor die algemeen moontlik n regverdiger basis van kompetisie as in die verlede bied.

Op grond van die voorafgaande bespreking kan die doel van hierdie ondersoek soos volg saamgevat word:

1. Om die algemene liggaamlike prestasievermoë van Blanke en Bantoemans te bepaal en te vergelyk.
2. Om op grond van vooraf berekende skale die fiksheidspeil van die twee rassegroepe gesamentlik en afsonderlik te bepaal. Dit was nodig om n sodanige objektiewe skaal te vind waaraan die voorgestelde proefgroepe gemeet kon word. Dit is sinloos om n groep aan sy eie prestasiepeil te meet. Op grond van n vorige ondersoek (128) het ek die gemiddelde prestasievermoë van Liggaam-

like opvoedingstudente as maatstaf vir die meting van liggaamlike prestasievermoë gebruik.

3. Om vas te stel of leeftyd, na die twintigste lewensjaar, n invloed op die liggaamlike prestasievermoë van mans uitoefen. Vir hierdie doel is die proefpersone in drie ouderdomsgroepe ingedeel, naamlik 20 tot 24 jaar, 25 tot 29 jaar en 30 tot 35 jaar. Die redes vir hierdie indeling word in Hoofstuk VII bespreek. Hierdie ondersoek sal aantoon of prestasieskale wat vir twintigjariges geskik is, onveranderd vir dertigjariges gebruik kan word.
4. Om n toets saam te stel wat deur n individu tuis op homself toegepas kan word en hom in staat stel om sy prestasie aan n prestasieskaal te meet.

Voordat hierdie doelstellings verwesenlik kon word, was dit egter noodsaaklik dat die terrein met betrekking tot die verskille tussen Blankes en nie-Blankes eers oorsien moes word. Dit word in die volgende hoofstukke gedoen en daarna word die weg, wat ter bereiking van die doelstellings aangewend is, asook die resultate van die ondersoek bespreek.